

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 37: Shelach Lecha (שלח) – Gestuur namens iemand / Stuur jy

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: “Stuur manne uit, dat hulle die land Kena’an, wat Ek aan die seuns van Yisra’el gaan gee, kan verken. Van elke stam van hulle vaders moet julle een man stuur, elkeen ‘n leier onder hulle.” Num. 13:1 en 2 – PWL¹

Torah: Num. 13:1 tot 15:41

- ❖ **Inleiding** – ‘n Torah Leefwyse
- ❖ **Num. 13:1** – Beloftes En Vertroue
- ❖ **Num. 13:1 tot 23** – Twaalf Verkenners.
- ❖ **Num. 13:24 tot 33** – Die Verslag Van Die Verkenners.
- ❖ **Num. 14:1 tot 27** – Israel Murmereer
- ❖ **Num. 14:28 tot 45** – Israel Word Gestraf.
- ❖ **Num. 15:1 tot 31** – Onderrig En Instruksies Met Betrekking Tot Die Offerandes

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

- ❖ **Num. 15:15, 16 en 29** – Een Torah vir Almal.
- ❖ **Num. 15:32 tot 36** – Oortreder Van Die Shabbatsgebod
- ❖ **Num. 15:37 tot 41** – Die Dra Van *Tzitzzyot*.

Haftorah: Joshua 2:1 tot 24 – Ingeënt Op Die Olyfboom Deur Geloof.

Hernieuwe Verbond: Matt. 9:20; 14:36; 23:5; Mark. 6:56; Luk. 8:44; Heb. 3:7 tot 19; Rom. 8:31, 37; Fil. 4:13; Heb. 11:32 tot 34; Rom. 15:4; 1 Kor. 10:11; Rom. 3:29 tot 31; Gal. 3:28 en 29; Efes. 2:11 tot 19.

It is our attitude at the beginning of a difficult task which, more than anything else, will affect its successful outcome – William James

Midrash

‘n Torah Leefwyse

As gelowiges in die sondevergifnis deur Yeshua Messias se kruisdood en opstanding, is dit ons hartsbegeerte om die volle waarheid van die Woord van YHVH – van Genesis tot Openbaring – te ken, te verstaan en toe te pas. Daar is reeds baie waaroor ons absolute sekerheid het en dit is vir hierdie dinge waarvoor ons bereid moet wees om vervolgt te word en selfs te sterf. Maar weens ons menslike swakhede en tekortkominge, asook volgens YHVH se raadsbesluit, sal ons nooit die volle kennis en insig in die Afgesonderde Skrifte hê nie. Ons ken slegs ten dele (1 Kor. 13:12). Daar is Skrifgedeeltes, veral in Torah (die eerste vyf boeke) en die profete, wat moeilik is om korrek te verklaar en toe te pas.

Ons elkeen is egter geroep om ondermeer twee dinge te doen:

- ❖ Eerstens moet ons nooit ophou om die Skrifte te bestudeer met die doel om dit korrek te verklaar en toe te pas nie (2 Tim 2:15 en 2 Tim. 3:16 en 17).
- ❖ Tweedens is dit ‘n geleentheid om te leer om verdraagsaamheid en liefde te betoon aan diegene wat sekere Skrifgedeeltes anders as ons verklaar. Ons moet altyd ‘n leerbare gees openbaar en waak teen geestelike hoogmoed.

Daarom moet ons moet altyd die gesindheid van die Bereane openbaar, naamlik:

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is. Hand. 17:11.

In ons soeke na die waarheid moet ons ook onthou dat in die ou verbond (die *Tanakh*) is die hernieuwe verbond (*B'rit Chadashah*) verskuil en in die hernieuwe verbond word die ou verbond bevestig. Die een kan nie sonder die ander bestudeer word nie, maar ons moet by die

begin, begin! Niemand lees 'n boek vanaf die einde tot by die begin nie!! Die einde is die hoogtepunt van 'n boek en daarom is die laaste hoofstuk in YHVH se boek, naamlik die Openbaring van Yeshua aan Johannes die hoogtepunt!

Wat is 'n Ware Torah Leefwyse?

Daar is reeds in die vorige parashah na 'n ware Torah leefwyse verwys, maar daar is nog soveel meer om hieroor te sê! Soos reeds genoem is die doel van die bestudering van YHVH se Torah nie net om kennis (inligting) te versamel nie! 'n Ware Torah leefwyse gaan oor transformasie (verandering, metamorfose) en die doel is om gelykvormig aan Yeshua, die Lewende Torah, te word – gelykvormig in, denke, woorde en dade!! Dit is 'n voortdurende transformasie (metamorfose) van die eie-ek (jouself) en jou omgewing.

Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders.
Rom. 8:29.

Dit is om in gedgates, woorde en dade soos Yeshua Messias te wees. Dit is om as Yeshua se verteenwoordig hier op aarde op te tree.

En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing (metamorfose) van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is. Rom. 12:2

....sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood (sterwe van die eie-ek, aflegging van sonde) gelykvormig word. Fil. 3:10

wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.
Fil. 3:21.

Volgens bogenoemde is 'n Ware Torah leefwyse dus gehoorsaamheid aan Torah:

- ❖ Dit is ons pad terug om geskape te wees na die beeld van ons Skepper (Gen. 1:26; Gen. 5:3) en nie na die beeld van Adam nie (Gen. 5:3). Dit is om terug te keer na die ou paaie, die goeie pad, en daarin te loop (Jer. 6:16) – die pad wat ons voorvaders, Abraham, Isak en Jakob, gewandel het.

En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie. Mal. 4:6.

- ❖ Dit is die vernuwing van ons gemoed om gelykvormig aan Yeshua ons Messias te word. (Rom. 8:29 en Rom 12:2).
- ❖ Dit is die vereiste vir YHVH se seënninge en 'n lewe van oorwinning, asook 'n oorvloedige lewe in Yeshua. Gehoorsaamheid aan Torah weens liefde vir Vader-God is nie net ons beskerming teen die dief (Satan) wat kom om te steel, dood te maak en te vernietig nie,

maar ook 'n ondervinding van lewe in oorfloed – eerstens geestelik en tweedens materiëel (Joh. 10:10). Die apostel Jakobus som dit soos volg op:

Wees dan gehoorsaam aan God en staan op teen die teëstander¹ en hy sal van julle af wegvlug. Kom nader na God toe en Hy sal nader kom na julle toe. Sondaars, reinig julle hande;³ twyfelaars, sonder julle gedagtes, wil en emosies af! Wees nederig, treur en huil. Laat julle gelag in rou verander word en julle blydschap in droefheid. Wees nederig voor יהוה en Hy sal julle oplik. Jak. 4:7 tot 10 – PWL.

Ons suiwerste begeerte (ware doelwit) moet wees om herskep te word tot die beeld van ons Skepper!! Ons word alleenlik deur geloof gered, maar ons gehoorsaamheid aan Torah is die proses om herskep te word tot die beeld van ons Skepper! Hierdie werke van geloof is bevestiging en bewys dat ons deur die Afgesonderde Gees gelei word. Ons skeppingsdoel is eerstens geestelik, maar tog ook fisies. YHVH is Gees en ons gehoorsaamheid aan die geestelike beginsels en gesag van ons Skepper moet in ons fisiese lewe manifesteer.

'n Ware Torah leefwyse is heiligmaking (afgesonderdheid, toewyding) en reinheid en dit beteken nie om van die samelewing te onttrek nie. 'n Torah leefwyse is 'n innerlike verandering wat uiterlik sigbaar word en wat ons omgewing positief moet beïnvloed. Ons omgewing en omstandighede moet ons nie negatief verander nie, maar ons moet ons omgewing en omstandighede volgens Torah postief beïnvloed. Torah beveel ons om in die samelewing 'n verandering te maak. Ons is deel van die wêreld, maar nie in die wêreld nie. Ons is deel van die oplossing en nie deel van die probleem nie.

Die beginpunt is ons gesindheid teenoor Torah. Sien ons YHVH se Torah as Sy liefdevolle onderrig of sien ons dit as wette wat ons vryheid aan bande lê en waarvan Yeshua ons kom bevry het? Sien ons YHVH se Torah as 'n lewe van oorfloed in Yeshua? Beskou ons 'n Torah-leefwyse as wettiesheid of gehoorsaamheid?

'n ware Torah leefwyse is om te leer uit Israel se foute en om nie ook dieselfde foute te begaan nie (Jes. 46:9 en 10; 1 Kor. 10:1 tot 13). Dit is om dit wat ons leer toe te pas. Dit is om onself met Israel van ouds te vergelyk in terme van vertroue in YHVH en daaglikse lewenswandel. Hierdie is 'n baie belangrike aspek van ons Torahstudie!

'n Ware Torah leefwyse is ook om die patroon wat YHVH in Torah gevestig het te ontdek en te verstaan hoe dit deur die eeue herhaal is en weer herhaal sal word. Voorbeeld: Die Pesaglam in Egipte en Yeshua die Pesaglam van YHVH. In die verband is dit belangrik om te onthou: Die einde sal deur die begin bekend gemaak word (Jes. 46:9 en 10). Indien ons dus die begin verstaan – en die begin is Torah – dan sal ons insig in die gebeure aan die einde van dae ook hê en nie mislei word deur die leringe van mense nie!

'n Ware Torah leefwyse is om die Vaderhart werklik te ken en te verstaan en in alles aan Vader-God gehoorsaam te wil wees. Dit kan opgesom word as: *Passion for YHVH Yeshua and compassion for mankind!!*

'n Torah leefwyse is om altyd die woorde in Num. 15:41 te onthou:

Ek is יהוה, julle God, wat julle uit Mitzrayim uitgebring het om vir julle 'n God te wees. Ek is יהוה, julle God.” (PWL).

Ons is bevry van die slawejuk van sonde sodat YHVH ons God kan wees en sodat ons volgens Sy onderrig en instruksies (Torah) kan lewe!!

Bepeins of Bespreek

1. Wat is die betekenis van Yeshua se woorde in Matt. 11:28? Wat is die ‘sagte juk’ waarna Yeshua verwys? Is dit Torah? Is dit vry van die wet of vry onder die wet? Verwys Deut. 30:11 tot 14 en Rom. 10:6 tot 8.

Beloftes en Vertroue

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: “Stuur manne uit, dat hulle die land Kena'an, wat Ek aan die seuns van Yisra'el gaan gee, kan verken. Num. 13:1 – PWL.

Ons leef in die einde van die eeue. Numeri bevat lesse van hoe ons moet oorleef en om nie dieselfde foute te maak as Israel nie. Die Beloofde Land is die land waar Yeshua Messias vanaf gekom het en waar YHVH Yeshua se Koninkryk weer gevestig sal word. *Bemidbar* (Numeri) is ook vir ons, as deel van Israel, die uitnodiging na hierdie Beloofde Land.

Israel was gereed om Kanaän binne te gaan. Met die goedkeuring van YHVH, en in ooreenstemming met die wil van die volk, is twaalf owerstes (prinse), een uit elke stam, gestuur om die land te verken. Moses het geweet dat die belofte van die Beloofde Land ‘n waarborg ingesluit het, naamlik dat Israel die land sou verower. YHVH se beloftes vereis egter van die mens ‘n handeling wat ooreenstem met die belofte, naamlik, in hierdie geval: *Gaan en neem die land in besit!!* Kanaän is die land wat YHVH aan die seuns van Israel sal gee!

Indien ons YHVH se beloftes glo, moet ons die ooreenstemmende vertroue (geloof) hê om die beloftes in besit te neem. Ons moet onthou dat YHVH se beloftes is Sy wil!! Daarom moet ons ooreenkomstig YHVH se beloftes optree. Ons moet optree volgens wat ons glo – ons optrede moet ons vertroue bevestig! Onthou: Vader-God gee ons elkeen die keuse om te besluit of ons Sy wil of ons eie wil gaan volg, en of ons Vader-God genoegsaam vertrou dat hy Sy beloftes gestand sal doen.

In hierdie parashah leer ons egter ook:

- ❖ Dat ons besluite het gevolge (Num. 14:21 tot 23). Soos altyd beteken YHVH se vergifnis nie dat ons die gevolge van ons keuses gaan vryspring nie. Soms dra ons baie swaar aan die gevolge van ons eie keuses – soms lewenslank. Mag ons in sulke tye altyd bly vashou aan YHVH se volmaakte vergifnis.
- ❖ Dat ons YHVH se hand van genade en bewaring oor ons beleef, ten spyte van ons eie keuses. Die boek *B'midbar* (Numeri) is bevestiging hiervan, naamlik dat die Vader saam met ons in ons wildernis stap!!! Ten spyte van!

Bepeins of bespreek

1. Het die genade in Yeshua dan nie die gevolge van ons verkeerde keuses uitgewis nie?
2. Die Woord (Torah) van YHVH is die basis van my verhouding met God, van my kennis van God en van my geloof in God. Gevolglik: Hoe meer my openbaringskennis van YHVH se Torah en die res van Sy Woord is, hoe meer intiem is my verhouding met Vader-God en hoe beter ken ek God en hoe groter is my geloof (vertroue) in God. Geloof (vertroue) sonder die werke van gehoorsaamheid is dooie (nuttelose) geloof (vertroue)(Jak. 2:14 tot 26)!

Num. 13:1 tot 23 – Die Twaalf Verkenners.

יהיה het met Moshe gepraat en gesê: “Stuur manne uit, dat hulle die land Kena’an, wat Ek aan die seuns van Yisra’el gaan gee, kan verken. Van elke stam van hulle vaders moet julle een man stuur, elkeen ‘n leier onder hulle.” Num. 13:1 en 2 – PWL

YHVH het nie die twaalf verkenners gekies nie, maar die mense (Moses) het. Volgens Deut. 1:19 tot 24 blyk dit dat YHVH nie ‘n direkte opdrag gegee het nie, maar eerder op versoek van die volk toestemming gegee het dat hulle verkenners kon kies om Kanaän te gaan verken. Hierdie twaalf verkenners was as leiers deur die volk beskou!

Wanneer mense hulle eie leiers kies, of wanneer mense hulself aanstel as leiers, is die getal leiers wat misluk baie hoog. Tien uit die twaalf (83%) gekose verkenners het in hulle sending misluk, naamlik om nie te doen wat YHVH hulle beveel het en om nie YHVH te vertrou as ‘n waarmaker van Sy Woord nie.

Die manne wat saam met hom opgegaan het, sê egter: “Ons kan nie teen die mense opgaan nie, want hulle is te sterk vir ons.” Hulle het slegte verslae onder die seuns van Yisra’el versprei oor die land wat hulle verken het, deur te sê: “Die land waardeur ons gegaan het om dit te verken, is ‘n land wat sy inwoners verteer en al die mense wat ons daarin gesien het, is groot manne. Ons het ook die reuse (Nefilim) daar gesien, die seuns van ‘Anak is deel van die reuse en ons het soos sprinkane in ons eie oë geword soos ons ook in hulle oë was.” Num. 13:31 tot 33 – PWL.

Geestelike leiers moet YHVH se stem ken – hulle moet *sh’ma* (hoor) en *sh’mar* (doen) volgens YHVH se Woord en beloftes, anders kan die nadelige gevolge verreikend wees! Leiers se invloed oor mense moet nooit ondersaak word nie!

Status (aansien, geldmag, herkoms, kwalifikasie, ens.) is nie die kriteria (maatstaf) van ‘n goeie leier nie. Die twaalf verkenners was almal owerstes (prinse), maar dit het nie beteken dat hulle deur YHVH aangestel was nie of volgens YHVH se vereistes vir die taak geskik was nie. Dit is die taak van Vader-God om geestelike leiers aan te stel.

Moses as die grootste leier van alle tye, en ‘n sinnebeeld van Yeshua, het twee uitnemende eienskappe gehad, naamlik gehoorsaam aan alles wat YHVH hom beveel het, terwyl hy die nederigste mens op aarde was. Yeshua was in alle opsigte Torah-gehoorsaam (Joh. 4:34 en

5:19 en 20) en het gekom (gestroop van Sy goddelike status – Fil. 2:6 tot 8) om te dien en nie om gedien te word nie (Matt. 20:28).

Moses het Hosea (הוֹשֵׁעַ *ho-shay'-ah* wat *verlosser* beteken) se naam verander na Josua (יְהוֹשֻׁעַ *yeh-ho-shoo'-ah* wat *Yah verlos* beteken) (Num. 13:16). Die *yod* wat bygevoeg word is simbolies van ‘n hand en verwys dus na die hand van YHVH en dus na Yeshua. Hierdie is ‘n heenwysing na Yeshua Messias vir wie ons volg om ons ‘geestelike’ beloofde land in besit te neem en verwysend na die ewige rus in Yeshua (Heb. 4:8 tot 11).

Kaleb was uit die stam van Juda en Josua uit die stam van Efriam. Hierdie is ‘n heenwysing na die die twee huise van Israel aan wie die beloofde land behoort en wat dit weer in besit sal neem in die einde van dae onder die koningskap van Yeshua.

In Num. 13:23 en 24 lees ons van die vrugte wat die verkenners as getuienis (bewys) gebring het dat YHVH se woord waar is, naamlik dat Kanaän ‘n land van melk en heuning is!

Daarop het hulle tot by die dal Eskol gekom en daar ‘n rank met een tros druiwe afgesny, en twee het dit aan ‘n draagstok gedra; ook van die granate en van die vye. Dié plek het hulle die dal Eskol genoem vanweë die tros wat die kinders van Israel daar afgesny het.

Hierdie vrugte en die twee verkenners wat dit dra is ook ‘n profetiese heenwysing na die twee getuienisse, naamlik van Torah (van die ou verbond) en Yeshua (van die hernieude verbond) wat een word en waarvan ons lees in die boek Openbaring

En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie. En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Yeshua Messias hou. Open 12:11 en 17

Die tros druiwe is ‘n sinnebeeld van die vrug van ‘n lewe in Yeshua en van Torah-gehoorsaamheid (Joh. 15:5 tot 8). Die twee draers van die druiwetros is ook ‘n sinnebeeld van die twee huise van Israel wat saam aan die vrug van ‘n lewe in Yeshua dra. Die granate verwys na die *mitzvot* (gebooie) van YHVH. ‘n Granaat word beskou as bevattende 613 sade – elke *mitzvah* wat jy saai (doen) sal ‘n goeie oes oplewer. Die vye simboliseer diegene wat terugkeer na Torah. Die vrugte vorm dus ‘n geheel prentjie van die belofte van die hernieude verbond en dus van ‘n lewe in Yeshua.

Bepeins of bespreek

1. Hoekom het YHVH toestemming (goedkeuring) gegee dat hulle eers die land kon gaan verken? Het YHVH hulle vertrou in Sy belofte getoets? Was die bewys van die vrugte van die land nie genoegsame rede om YHVH te vertrou om Kanaän in besit te gaan neem nie? Wat sou gebeur het indien Israel sou gesê het: *Verkenning is onnodig, kom ons gaan en neem die land in besit!!* Hoe is hierdie op ons eie lewens van toepassing? Vertrou ons YHVH ten volle of wil ons ook eers ‘die land gaan verken’?

2. Is jy 'n Kaleb of Josua, of is jy een van die ander tien verkenners? Is ons nie almal soms 'n Kaleb of Joshua nie, maar dan by tye praat ons weer saam met die ander tien verkenners?
3. Is ons nie ook geneig om ons eie leiers te kies en hulle dan te volg nie?
4. Hoor en ken geestelike leiers wat Torah-ongehoorsaam lewe YHVH se stem? Sal YHVH 'n Torah-ongehoorsame geestelike leier aanstel – een wat verklaar dat die mens vry van Torah is?
5. Ons sê so maklik dat 'n persoon 'n gesalfde van God is, maar verstaan ons wat dit beteken? Verwys Lev. 4:3 en 5 – die Hebreëus vir gesalfde is *mashiyach* (משיח) en daarom *Yeshua HaMashiyach* (Yeshua die Messias, Die Gesalfde Een). Weereens die vraag: Kan 'n moedswillige Torah-ongehoorsame persoon 'n gesalfde van YHVH wees?

Num. 13:25 tot 33 – Die Verslag van die Verkenners.

Hulle het teruggekom van die verkenning van die land ná verloop van veertig dae en voortgegaan en by Moshe, Aharon en die hele vergadering van die kinders van Yisra'el gekom in die wildernis van Pa'ran, by Kadesh en aan hulle en aan die hele vergadering verslag gebring en hulle die vrugte van die land gewys. Num. 13:25 en 26 – PWL Vertaling

Die verkenning van Kanaän en die verslag van die verkenners het plaasgevind na die rebellie van Mirjam en voor die rebellie van Korag. Beide Mirjam en Korag het kwaad gespreek (*la'shon hara* – sondes met die mond gepleeg, lastering) teen die leierskap soos deur YHVH aangestel was en met ernstige gevolge. Die verkenners het ook kwaadgespreek van YHVH, asook van die land wat Hy aan Israel belowe het en die gevolg was 'n verdere 38 jaar swerftog in die wildernis. Hierdie behoort as waarskuwing vir ons te dien!!

Die verkenners het die vrugbaarheid van die land gesien, maar 'n negatiewe verslag aan Moses en die volk voorgehou en sodoende die hele volk negatief beïnvloed. Hoekom? Die antwoord vind ons in Klaagliedere hoofstuk 1 wat verbind word met die verslag van die verkenners. Elke vers begin met 'n letter van die Hebreuse alfabet in die regte volgorde tot by vers 16 en 17 waar die volgorde omgeruil word. Die letter *ayin* verskyn voor die letter *pe*. Die verklaring hiervoor is die volgende: *Ayin* simboliseer die oog en *pe* die mond. Ons sien eers en dan praat ons oor wat ons gesien het. Die lastering (*la'shon hara*) van die verkenners was dat hulle anders gepraat het as wat hulle gesien het! Hulle monde het hulle oë 'voorafgegaan'!! Hulle het vooraf besluit wat hulle wil sê en toe vir die bewyse gesoek om hulle mening te staaf. Hulle het nie 'gesien' wat YHVH 'gesien' het nie!

Die verkenners het dinge uit 'n vleeslike oogpunt gesien en die opdrag en die belofte van YHVH vergeet en vergeet dat Hy dit wat ons sien kan verander.

- ❖ Vertroue (geloof) is getrouheid plus vertroue, naamlik getrou (gehoorsaam) aan Torah (Yeshua die Woord van YHVH), en vertroue in die getrouheid van Vader-God. Verwys Heb. 11:1 en 6. Geloof (vertroue) is glo en sien.

- ❖ Geloof (vertroue) is gebaseer op feite en beloftes. ‘n Feit is dit wat reeds gebeur het, terwyl ‘n belofte is dit wat nog sal gebeur. Elkeen van YHVH se beloftes is egter ook ‘n feit. YHVH belowe asof dit reeds gebeur het! Voorbeeld: vergelyk Jes.53:4 en 5 met Matt. 8:14 tot 17. Ons glo dikwels die feite, maar nie die beloftes nie.
- ❖ Geloof is nie deel van ons natuurlike aard nie, maar vrees en ongeloof (wantroue) is wel deel van ons sondige aard. Daarom: Voed jou geloof en ongeloof sal sterf.
- ❖ Verwys Num. 13:27 en 28. Ons geloof is ook dikwels “Ja..... maar!” Ons sien ook dikwels die “vrugte” (bevestiging) (Num. 13:23 en 26) van wat YHVH belowe het en tog wantrou ons steeds!!!

Josua en Kaleb het nie die gedeelte van die tien verkenners se verslag oor ‘n land wat sy inwoners verteer, en van die reuse van die land wat Israel soos sprinkane laat lyk, ontken nie. Hulle het egter met hulle geestes-oë gekyk en YHVH se belofte gesien en dit geglo.

Though Caleb and Joshua saw the same things that the other ten spies had seen, their assessment of the situation was completely different. They looked at the Anakim and the Canaanites through the eyes of faith. This is the difference between a blind faith and seeing faith. Blind faith is uninterested in the data. "Don't confuse me with the facts." A seeing faith beholds the real world with all of its problems, but it interprets that world in steadfast confidence. It is an unquenchable spirit of optimism, a confidence in God's ability to utterly transcend each and every obstacle (Schelach, First Fruits of Zion, 2012).

The 12 spies all saw the exact same land and experienced the same mission. The majority doubted and influenced the nation of Israel to join them in the pig trough of worry. Doubters are never alone. It took Israel 40 years to kill the doubt of that original spy mission. (Bron onbekend)

Die twaalf verkenners was op dieselfde sending na die dieselfde land. Tien van die twaalf het getwyfel en die oorgrote meerderheid van die volk meegesleur in vrees, twyfel en kommer. Die wat vrees, twyfel en bekommer is nooit alleen nie. Dit het Israel 40 jaar geneem om die oes van twyfel, vrees en kommer te oes en die nuwe saad van geloof (vertroue) te saai.

Die tien verkenners se negatiewe verslag moet ook gesien word in hulle woorde soos in Num. 13:33 opgeteken is:

Ons het ook die reuse (Nefilim) daar gesien, die seuns van `Anak is deel van die reuse en ons het soos sprinkane in ons eie oë geword soos ons ook in hulle oë was.” (PWL)

In vergelyking met die reuse wat hulle in Kanaän gesien het, het hulle soos sprinkane gevoel en ook die afleiding gemaak dat dit is soos die reuse hulle ook beskou het. Die tien verkenners het weens hulle wantroue in YHVH se beloftes ‘n waarskynlike swak selfbeeld gehad! Hulle het hulself nie gesien soos YHVH hulle gesien het nie!

Volgens oorlewering het die verkenners op die 9 Av hulle verslag gegee. Hierdie dag was Israel se waterskeidings-oomblik, en Israel verduur tot vandag toe steeds die gevolge van die besluit wat hulle geneem het. Van die grootste rampe het Israel op hierdie dag, bekend as *Tish'a B'Av* getref, soos byvoorbeeld die vernietiging van die tempel in 70 na Messias.

Bepeins of Bespreek

1. Soos ons eindtydgebeure bestudeer moet ons ook versigtig wees om nie soos die verkenners 'n negatiewe verslag te gee wat veroorsaak dat YHVH se beloftes vergeet word. Is ons nie ook dikwels skuldig aan kwaadsprek (*la'shon hara*) teen YHVH nie? Is ons woorde oor eindtyd gebeure woorde van vrees of van hoop?
2. Is ons vrees en besorgdheid oor hoe ander ons sien nie dikwels die oorsaak hoekom ons nie YHVH se beloftes in besit kan neem nie?
3. Volgens oorlewering wou tien van die verkenners nie Kanaän in besit neem nie, want hulle wou nie die verantwoordelikheid aanvaar nie. Het hulle gemakstigtig geword, want YHVH het vir hulle in die wildernis gesorg? Om Torah-gehoorsaam te lewe is 'n baie groot verantwoordelikheid, want of jy voorspoed of teenspoed ervaar is grootliks jou besluit – dit is grootliks in jou hande en word grootliks deur jou gesindheid en selfsiening bepaal.
4. Ons gesindheid waarmee ons in gehoorsaamheid aan YHVH se liefdevolle onderrig lewe, bepaal ons uiteinde!

Your living is determined not so much by what life brings to you as by the attitude you bring to life; not so much by what happens to you as by the way your mind looks at what happens – Khalil Gibran

Ability is what you're capable of doing. Motivation determines what you do. Attitude determines how well you do it – Raymond Chandler

It is our attitude at the beginning of a difficult task which, more than anything else, will affect its successful outcome – William James.

For success, attitude is equally as important as ability – Walter Scott

Het ons die gesindheid van soveel vertrouwe in YHVH se beloftes dat ons bereid is om dit prakties in ons lewe toe te pas? Vader-God sal ons die vermoë skenk om dit te doen wat Hy van ons vra!

5. Die vraag kan egter ook gevra word of die verslag van die verkenners uit selfsugtigheid geneem was of het hulle goeie bedoelings gehad en het gereken hulle neem Moses en die volk se belange in ag? Die antwoord is moontlik opgesluit in die gebeure soos in Num. 11:26 tot 29 opgeteken is waarvolgens ons wel kan vra wat het Eldad en Medad geprofeteer dat Josua vir Moses versoek het om hulle te stop? Het die profesie moontlik

betrekking op Moses gehad en was dit die rede hoekom Moses vir Josua gevra het: *Ywer jy vir my?* Het Eldad en Medad geprofeteer dat Moses nie vir Israel in die Beloofde Land sou inlei nie, maar dat hierdie taak op die skouers van Josua sou rus? In die lig hiervan kan ons wel vra: *Hoe sou ons verslag aan Moses gelyk het?*

Num. 14:1 tot 27 – Israel murmureer

Die hele vergadering het hulle stemme opgelig en die volk het dié nag gehuil. Al die kinders van Yisra'el het gekla teen Moshe en Aharon en die hele vergadering het vir hulle gesê: "O, as ons maar in Egipte gesterf het! Of as ons maar hier in die woestyn gesterf het!" Num. 14:1 en 2 – PWL.

Murmureer is kwaadpreek (*la'shon hara*) weens ontevredeheid, onvergenoegdheid en hardnekkigheid. Die verslag (slegte gerugte) van die 10 verkenners het veroorsaak (Num. 13:31 en 32) dat die volk begin murmureer het (Num. 14:1 tot 3). Dit was 'n wortel van bitterheid ('n giftige plant of boom) wat talle besoedel (vergiftig) het (Heb. 12:15) en die gevolg was dat hulle 'n nuwe leier wou aanstel om hulle na Egipte terug te neem en dat hulle die huidige leierskap wou stenig (Num. 14:4 en 10). Die oorsprong van hierdie murmuring was:

- ❖ Ondankbaarheid vir wat YHVH reeds vir hulle gedoen het en steeds doen. Verwys Fil. 2:14 tot 17 en 1 Thess. 5:16 tot 18. Onthou: Dankbaarheid is 'n gesindheid wat elkeen moet ontwikkel – dit kom nie van nature nie.
- ❖ Twyfel en wantroue in YHVH se belofte ten opsigte van die Beloofde Land wat aanleiding gegee het tot ontevredenheid en onvergenoegdheid met hulle huidige situasie. In die verband is die volgende die moeite werd om te onthou:

The happiest people don't necessarily have the best of everything. They just make the best of everything.

He who lives for pleasure is dead while he lives.

Bepeins of Bespreek

1. Murmuring begin wanneer ons dinge anders 'sien' as wat Vader-God dit 'sien' of wanneer dinge nie verloop volgens wat ons verwagting is nie. Deur die eeue was die stryd nog altyd tussen wat die Woord van YHVH sê en dit wat die mens sien, ervaar en begeer. Die oë is die vensters na die siel, maar die mens se siel (sy hart) is bedreiglik (Spr. 28:26). Hoe kan ons 'sien' wat YHVH 'sien'? 'n Moontlike antwoord in Spr. 23:26?

Num. 14:28 tot 45 – Israel word gestraf.

Sê vir hulle: 'So waar as Ek leef, sê יהוה, net soos julle voor My ore gepraat het, so sal Ek aan julle doen. Die lyke van julle wat teen My gekla het sal in hierdie wildernis val, almal van

julle wat getel is, volgens julle hele getal, van twintig jaar oud en ouer. Num. 14:28 en 29 – PWL.

Die wat kwaad gespreek het, het almal gesterf (Num.14:20 tot 23, 37), behalwe Josua en Kaleb. (Num. 14:24, 38). Let wel!!! Die kinders (jonger as 20) het die gevolge van hul ouers se keuses gedra. Hierdie is bevestiging van die tweede gebod: *....., want Ek, YHVH jou God, is 'n jaloesse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat* (Ex. 20:5)

Daarom: Die grootste en beste nalatingskap aan ons kinders is 'n geestelike een van vertroue in YHVH Yeshua en gehoorsaamheid aan Torah. Onthou: Die keuses wat ouers maak, beïnvloed hulle kinders se toekoms!

Num. 14:38 tot 45 is bevestiging, en 'n waarskuwing, dat ons nie na ons gesondig het dinge op ons eie manier kan herstel of ongedaan maak nie. Dit mag vir ons lyk na gepaste optrede na berou, maar dit is inderwaarheid steeds rebellie! Onthou: Wat ons gesaai het moet ons oes. Ons word vergewe, maar die gevolge moet ons besef en aanvaar.

Bepeins of Bespreek.

1. Hoe kan die straf van 40 jaar in die wildernis vereenselwig word met die tweede gebod (Ex. 20:3 tot 6) en met die hernieude (nuwe) verbond? Wat van die hedendaagse lering dat ons die vloeke (bindinge) van ons voorouers in die Naam van Yeshua kan verbreek? Kan 'n gelowige hoegenaamd van die misdade van die voorouers bevry word terwyl hy / sy steeds in moedswillige ongehoorsaamheid aan Torah lewe? Verwys Jer. 11:1 tot 17
2. Moet ons nie opnuut besin of ons Satan en sy demone kan bind, veral in die lig van moedswillige Torah-ongehoorsaamheid? Kan Satan hoegenaamd deur ons gebind word of kan hy en sy demone net uitgedryf word. Indien ons as gelowiges in Yeshua vir Satan en sy demone kon bind, dan behoort in die lig van al die gebede deur die jare waar Satan en sy demone gebind is, nie meer een vry demoon te wees nie!! Is Torah-ongehoorsaamheid nie die rede hoekom Satan en sy demone terugkeer na die 'huis' nie (Matt. 12:43 tot 44)

Num. 15:1 tot 31 – Onderrig en instruksies met betrekking tot die offerandes.

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: "Praat met die kinders van Yisra'el en sê vir hulle: 'As julle in die land kom waar julle moet bly, wat Ek vir julle gee en julle 'n offer deur vuur tot יהוה wil bring,.... Num. 15:1 tot 3 – PWL.

In Num. 15:1 tot 12 leer ons van die drankoffers wat die priesters oor die brandofferaltaar moes uitgiet en wat deel was van die diereoffers op YHVH se altaar. Niemand mag van hierdie drankoffers gedrink het nie. Sommige mag dit as verkwisting beskou, maar volgens Torah is dit wat ons op YHVH 'uitgiet' nooit 'n verkwisting nie. Hierdie drankoffers is die sinnebeeld van die drankoffers wat op YHVH se altaar uitgiet was.

Paulus het sy eie lewe vergelyk met 'n drankoffer wat uitgegiet was. Aan die Filippense skryf hy:

Maar al word ek as 'n drankoffer uitgegiet oor die offer en bediening van julle geloof, verbly ek my, ja, verbly ek my saam met julle almal; en om dieselfde rede moet julle ook bly wees en julle saam met my verbly. Fil. 2:17 en 18

Teen die einde van sy lewe, en wetend dat hy 'n martelaars dood gaan sterf, skryf hy aan Timotheus:

Want ek word alreeds as 'n drankoffer uitgegiet, en die tyd van my heengaan is naby. Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou. 2 Tim. 4:6 en 7

So ook het Yeshua na die drankoffer verwys toe Hy tydens die Pesagmaal gesê het: *Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word* (Luk. 22:20). Vergelyk ook Mark. 14:24 en Matt. 26:28.

Yeshua se kosbare bloed is op die folterpaal (kruis; YHVH se altaar) uitgegiet tot vergifnis van ons sonde.

As koninklike priesterdom moet ons ook bereidwillig wees om soos 'n drankoffer uitgegiet te word. Al lyk ons arbeid en toegewydheid soms soos 'n verkwisting van tyd omrede ons nie altyd die resultaat sien nie, moet ons weet dat ons arbeid in YHVH se koninkryk nooit verkwisting is nie.

Bepens of Bespreek

1. Is Psalm 23: 5 – *my beker loop oor* – 'n verkwisting of is dit oorfloed omrede ons onself as drankoffer uitgiet? Impliseer hierdie 'oorloop' nie dat daar nie net genoeg vir onself is nie, maar ook genoeg vir ander is? Is bereidwilligheid om as drankoffer uitgegiet te word nie 'n lewe in oorfloed nie (Joh. 10:10)?

Num. 15:15, 16 en 29 – Een Torah vir Almal.

Een en dieselfde instelling geld vir julle in die vergadering en vir die besoeker wat by julle bly. Dit is 'n ewige instelling regdeur julle geslagte: soos dit vir julle is, so moet dit vir die besoeker voor יהיה wees. Num. 15:15 – PWL.

Vers 16 stel dit verder baie duidelik dat daar slegs een wet (Torah) en een beslissing vir Israel en vir die vreemdeling (Hebreeus: *ger*) wat by Israel aangesluit het moet geld. Dit word ook in vers 29 bevestig.

Om te beweer dat die Torah slegs vir Israel bedoel was, is waar. Maar dan moet onthou word dat elkeen wat wedergebore is, is deel van Israel. Daar is nie Israel en die kerk nie! Nee, YHVH het een volk en een huishouding.

Bepeins of Bespreek

1. Een Torah wat vir almal geld is ‘n ewige instelling van YHVH! Hoe kan sommige dan verklaar dat die Torah onder die hernieude verbond opgehef is?
2. Num. 15:22 tot 31 verwys na die verskil tussen sonde weens swakheid of onkunde en doelbewuste (moedswillige) sonde. Vir hoe lank sal sonde (Torahloosheid) as ‘verskoning’ deur YHVH aanvaar word? Hierdie vraag moet gevra word in die lig daarvan dat feitlik die hele Christendom oor ‘n volledige Bybel beskik! Die wetboek is in elkeen se hand en tog....! Verwys Deut. 17:12; Ps. 19:14; Heb. 10:26 tot 29.

Num. 15:32 tot 36 – Oortreder van die Shabbatsgebod.

Terwyl die kinders van Yisra’el in die wildernis was, het hulle ‘n man gekry wat op die Shabbatdag hout bymekaarmaak. Die wat hom gekry het, terwyl hy hout bymekaarmaak, het hom na Moshe, Aharon en na die hele vergadering gebring. Hulle het hom onder bewaking geplaas, want dit was nie verklaar wat met hom gedoen moes word nie. Num. 15:32 tot 34 – PWL. .

Die Shabbat is die toets van gehoorsaamheid aan Torah (Ex. 16:4; Ex. 20:8 tot 11). Let wel dat die Shabbatsgebod reeds voor die gee van Torah bestaan het (Ex. 16:25, 26 en 29) en dat hierdie gebod in die Millennium (Jes. 66:23) weekliks gedenk en geheilig sal word.

Bepeins of Bespreek

1. Indien die Shabbatsgebod reeds voor die gee van Torah (die wet) bestaan het en ons dit steeds in die Millenium gaan gedenk en afsonder, is die vraag: Hoekom sou dit na die kruisiging van Yeshua opgehef geword het?

Num. 15:37 tot 41 – Die dra van Tzitzzyot (Enkelvoud: tzitzit).

יהרה het met Moshe gepraat en gesê: “Praat met die seuns van Yisra’el en sê vir hulle, hulle moet vir hulle tassels maak aan die some van hul bo-klere, deur al hulle geslagte heen en hulle moet aan die tassels van elke soom ‘n tou van blou stof vasbind. Num 15:37 en 38.

Die bokleed is ‘n sinnebeeld van die geregtigheid van YHVH en derhalwe reinheid van hart. Dit is ‘n afbeelding van YHVH se opdrag om as Sy eiendomsvolk heilig (afgesonder) te lewe. Verwys Eks. 19:5 en 6; Deut. 26:18 en 19; 2 Kor. 7:1; 1 Pet. 1:15 en 16 en 2 Pet. 3:11.

Al die tassels (en daarom die kleed) is ‘n sinnebeeld van die gebooe (die onderrig en instruksies) van YHVH.

Elke Israeliet het daagliks sy bokleed aangetrek en op die wyse hom met YHVH se geregtigheid en heiligheid ‘beklee’. Die kleed was ook ‘n voortdurende herinnering aan die gebooe van God met die doel :

- ❖ Om dit te doen (te onderhou; gehoorsaam daaraan te wees) en
- ❖ Afgesonder (Heilig) te wees (Num. 15:39 en 40). Verwys ook 1 Pet. 2:9
- ❖ Om hulle te weerhou van die navolging van die begeerlikhede van hulle hart en oë (Num. 15:39). Verwys Gal. 5:16 en 17 en 24; Rom. 12:2.
- ❖ Om hulle voortdurend te herinner dat hulle YHVH se afgesonderde volk is en om hulle te onderskei van die heidene. Verwys Eks. 19:5 en 6 en 1 Pet. 2:9.

Die gebedskleed was dus `n voortdurende herinnering aan die Torah, maar ook `n herinnering om nie die dinge van die wêreld te begeer nie, want hulle is YHVH se uitverkore volk.

In Num. 15:38 beteken die klossies (fraiings) aan die *hoeke* ook die klossies aan die *vlerke* (vleuels). Wanneer die bokleed (gebedskleed) gedra word en aan die boonste twee hoeke geneem word en die arms sywaarts uitgestrek word, word “vlerke” gevorm. In die lig hiervan kry die volgende Skrifte nuwe betekenis. Ps. 17:8 en 9; Ps. 91:4 en Eseg. 16:8 en Mal. 4:2.

Tydens Yeshua se aardse wandel was die dra van `n `n bokleed alledaags en was dit deel van die uitrusting van mans. Yeshua het derhalwe ook so `n bokleed gedra. Hedendaags is die bokleed met `n kleiner gebedskleed, bekend as `n *tallit*, vervang.

Verwys Matt. 9:18 tot 22. Die vrou met die bloedvloeiing het dus aan die tossels (*tzitzit*) (vers 20) van Yeshua se bokleed geraak. Hoekom? Sy het gegelo dat Yeshua die Messias is en dat:

- ❖ Die tossels verteenwoordig die Woord van YHVH (Torah). Sy het die doel en betekenis van die bokleed verstaan en
- ❖ Sy het die Skrifte geken aangaande genesing, naamlik: Daar is genesing in Sy vleuels (Mal. 4:2), asook Ps. 103:3 – YHVH Rapha – *Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees.*

Sy is dus genees op grond van haar geloof (vers 22) in Yeshua as die Messias, naamlik die Woord van God wat vlees geword het met genesing in Sy vleuels. Sy het YHVH se Woord aangeraak!!

In die verband verwys ook na Matt. 14:36 en Mark. 6:56: Almal is genees wat die soom van Yeshua se kleed aangeraak het, naamlik wat die beloftes in YHVH se Woord geglo het.

Ps. 107:20: *Hy het sy woord uitgestuur, dat Hy hulle kon gesond maak en hulle uit hul kuile red.* Verwys ook Jes. 53:5 en Matt. 8:14 tot 17. Yeshua is die Woord van YHVH en daarom is daar dus genesing in en deur die Woord. Hierdie genesing is ook genesing van gees, siel en liggaam.

Die geestelike betekenis van die bokleed (gebedskleed) kan soos volg saamgevat word:

- ❖ Trek die kleeed van YHVH se geregtigheid daagliks aan (2 Kor. 5:21). Soek YHVH se geregtigheid en nie jou eie geregtigheid nie.
- ❖ Ek moet ook die Woord van YHVH (Sy Torah) elke dag “aantrek”. YHVH se Torah moet `n voortdurende herinnering in my daaglikse lewe wees. Ek moet my bedek in die Woord. Dit moet soos `n “tent” wees waarin ek skuil en waar ek YHVH daagliks ontmoet. Dit moet `n lig op my pad en `n lamp vir my voet wees (Ps. 119:105). Die Torah moet my vreugde en begeerte wees (Ps. 1:2). Verwys ook Eseg. 3:1 tot 3 en Jos. 1:8.
- ❖ Ek moet `n dader van die Woord wees en nie net `n hoorder nie (Jak. 1:22 tot 25). My werke (optrede, woorde, gesindheid) moet `n bevestiging van my geloof wees (Jak. 2:14 tot 26)
- ❖ Gehoorsaamheid aan Torah moet my onderskei van die wêreld. Ek moet deur die Woord gereinig word (Ef. 5:25 tot 27; Joh. 17:17 en 2 Kor. 11:2) tot `n heilige lewe. Ek leef as nuwe mens in Yeshua wat dood is vir die sonde (Rom. 6:11). Dit sal my onderskei van die wêreld.

Ek moet my daagliks ‘toemaak’ met YHVH se Woord, want Sy Woord is Sy krag (Heb. 1:3). Die Woord (Yeshua – die Lewende Torah) is die afskynsel van YHVH se heerlikheid en die afdruksel (`n presiese reproduksie of weergawe in elke opsig) van YHVH se hele wese. Daarom kan die Woord alles instandhou en verandering teweegbring. YHVH se Woord is lewendig en kragtig (Heb. 4:12, want die Woord is YHVH se krag).

Geloof in die Woord van YHVH, wat gepaardgaan met gehoorsaamheid, is soos om die tossels van Yeshua se kleeed aan te raak. Die woord van YHVH se krag sal vanaf die genadetroon deur Yeshua tot in jou situasie vloei waar dit verandering teweeg sal bring (Jes. 55: 10 en 11).

Bepeins of bespreek

1. Is die dra van *tzitzit* en die gebruik van ‘n gebedskleeed nog van toepassing?
2. Mag beide man en vrou *tzitzit* dra? Hierdie vraag moet gevra word in die lig van die opdrag: *Praat met die seuns van Yisra’el en sê vir hulle, hulle moet vir hulle tossels maak aan die some van hul bo-klere.* In die Afrikaanse Ou Vertaling word die woord *kinders* gebruik, maar in die Hebreeus is dit die woord *ben* wat spesifiek na die manlik geslag verwys.

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

Josua 2:1 tot 24 – Ingeënt op die Olyfboom deur Geloof

Daarop het Josua, die seun van Nun, uit Sittim in die geheim twee manne as verkenners uitgestuur en gesê: Gaan bekyk die land en Jérigo. Hulle het toe gegaan en in die huis van ‘n hoer, met die naam van Ragab, ingekom; en hulle het daar gaan slaap. Josua 2:1.

Die verband tussen hierdie week se Torah en Haftorah is duidelik te sien in die stuur van verkenners na Kanaän. Die eerste sending van 12 verkenners het ramspoedig geëindig (Num. 13:1 tot 33) met die nadelige gevolge dat 'n hele geslag moes sterwe alvorens die Beloofde Land in besit geneem kon word. Maar dit wil tog blyk dat die tweede sending van twee verkenners geleer het uit die foute van die vorige geslag en was Jerigo, die 'toegangsroete' tot Kanaän, op grond van die verslag van die twee verkenners suksesvol ingeneem.

Die twee verkenners wat deur Joshua na Kanaän gestuur was se sending was nie soos die van die eerste verkenners om te gaan bespied hoe die inwoners van die land is nie, asook nie of die land goed of slegs is en of dit vet of skraal is nie (Num. 13:18 tot 20). Nee, hulle het geglo dat Kanaän die land van melk en heuning is. Hulle het YHVH en die belofte aan Abraham, Isak en Jakob geglo! Daarom het hulle die land, en spesifiek Jerigo, gaan bekyk met die doel om te bepaal wat die beste wyse is om die land in besit te neem. Hulle was bereid om hulle lewens te waag om Joshua se opdrag uit te voer.

Die les hieruit te leer is dat vertroue in YHVH se beloftes nie die gebruik van gepaste of geskikte wyses en metodes moet vervang nie, maar dit moet ons juis aanmoedig om deur die leiding van die Afgesonderde Gees met ywer daarvan gebruik te maak! Indien ons verwagtinge ons verhinder om doelgerig en met beplanning op te tree is dit nie geloof (vertroue) nie! Nee, dit is eerder om Vader-God te versoek!

Ragab, 'n vrou met 'n berugte verlede, moet op soortgelyke voet gesien word as die vrou wat 'n sondares was en wat die voete van Yeshua gesalf het (Luk. 7:37 en 38). Sy is 'n sinnebeeld van:

- ❖ Die genade van vergifnis na opregte berou.
- ❖ Die vreemdeling (nie-Israeliet; 'nie-Jood') wat ingeënt word op die Olyfboom (Torah en Israel)(Romeine hoofstuk 11, veral verse 17 tot 24)
- ❖ Iemand wat geestelik gehoereer het, maar
- ❖ Wat deur geloof in die God van Abraham, Isak en Jakob deel van Israel en YHVH se seëninge geword het.
- ❖ Iemand wat se geloof deur ooreenstemmende werke bevestig word (Jak. 2:25)

Bepeins of Bespreek

1. Die twee verkenners (wie se name nie eers genoem word nie) was nie soos die twaalf verkenners manne van aansien (prinse) nie, maar tog het hulle hul sending suksesvol voltooi (volgens YHVH se vereiste) ten spyte daarvan dat hulle in lewensgevaar verkeer het. Hulle het die gesindheid en vertoue van Josua en Kaleb openbaar. Hulle het Kanaän 'gesien' soos YHVH dit 'gesien' het! Hoekom is ons so dikwels van mening dat mense van aansien en geestelike leiers die koninkryk van YHVH moet bou? Is ons nie ook soos die twee verkenners geroep om in die 'geheim' (Jos. 2:1) die land te gaan verken met die

doel hoe om dit in besit te neem nie? Wat en waar is die ‘land’ wat jy moet gaan verken met die doel om dit in besit te neem as YHVH se grondgebied? Is dit jou eie lewende en omstandighede? Is dit jou geliefdes wat se ‘grondgebied’ nog deur die vyande van YHVH bewoon word? Is dit die gemeenskap waar jy betrokke is?

2. In vele opsigte kan ons as vreemdelinge (nie-Jode) met Ragab vergelyk word. Ons het ook geestelik gehoereer, maar het teruggekeer om die God van Abraham, Isak en Jakob deur geloof in Yeshua as die Messias en die Lewende Torah te dien. Ons is deur geloof ingeënt op die Olyfboom! Is ons ook bereid om ons lewens vir Israel te waag soos Ragab gedoen het?
3. Sou die twee verkenners in die huis van ‘n hoer (prostituut) of in ‘n bordeel tuis gegaan het? Volgens Brown, Driver en Briggs se Hebrew Definitions kan die woord *hoer* (Hebreeus: *zanah* – H2181) egter ook verklaar word as ‘n ongelowige – een wat nie in die God van Abraham, Isak en Jakob geglo het nie. Was Ragab dalk ‘n herbergier (gasvrou), maar een wat geestelik gehoereer het? Ons het ook almal geestelik gehoereer voordat ons tot geloof in Yeshua as Messias gekom het en Torah-gehoorsaam begin lewe het.

-O-O-O-O-O-O-O-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.